World Knowledge Olympiad Question Paper
Wêreldkennis-Olimpiade Vraestel
Primary schools / Primêre skole
Gr. 6, 7
2015 – 05 - 21
Time / Tyd : 14:00 - 15:15

INSTRUCTIONS FOR QUESTION PAPER

STEP 1
Fill in your **QUESTION PAPER NUMBER**, which consists of **five numbers**, in the **five blocks** on the optical chart. The question paper number is printed in **red** in the top right-hand corner of the paper.

STEP 2
Fully colour in the corresponding circle that is directly below each number so that the number inside each circle is no longer visible. Once a circle has been coloured in, it should look like this: ☻

STEP 3
Colour in the full area of the circles of your current grade, as well as the required information. Remember, in the case of question 2, only **one home language** should be coloured in.

STEP 4
Do not begin to answer the question paper before the invigilator is satisfied that all required information on the front page of the optical chart has been filled in correctly.

STEP 5
Turn over the optical chart and answer the questions by clearly colouring in the appropriate circles in sections 1, 2, 3. Each question has only **one** correct answer. Answers are marked positively. Marks are not subtracted for incorrect answers.
Section 1 has 25 multiple-choice questions.
Section 2 has 20 multiple-choice questions.
Section 3 has 15 multiple-choice questions.
Section 4 has 10 open questions.
Also complete the **open questions** on the optical chart, as well as the other sections required.

STEP 6
You may keep your question paper. For own use, mark your answers on the question paper so that you can check them against the memorandum which will be forwarded to your school in due course.

INSTRUKSIES VIR VRAESTEL

STAP 1
Vul jou **VRAESTELNOMMER**, wat uit **vyf syfers** bestaan, in die **vyf blokkies** op die optiese kaart in. Die vraestelnommer is regs bo-aan die vraestel in **rooi** gedruk.

STAP 2
Kleur dan die volle grootte van die sirkeltjies regonder elke toepaslike syfer deeglik in sodat die syfer nie meer sigbaar is nie. Nadat die sirkeltjie ingekleur is, moet dit so lyk: ☻

STAP 3
Kleur jou huidige graad én die inligting se sirkeltjies in. Onthou om by vraag 2 net **een huistaal** in te kleur.

STAP 4
Wag met die beantwoording van die vraestel totdat die opsiener tevrede is dat alle verlangde inligting op die voorkant van die optiese kaart korrek ingevul is.

STAP 5
Draai nou die optiese kaart om en beantwoord die vrae deur die sirkeltjies duidelik in te kleur by afdelings 1, 2, 3. Elke vraag het slegs **een** korrekte antwoord. Antwoorde word positief nagesien. Punte word nie vir verkeerde antwoorde afgetrek nie.
Afdeling 1 het 25 meerkeusevrae.
Afdeling 2 het 20 meerkeusevrae.
Afdeling 3 het 15 meerkeusevrae.
Afdeling 4 het 10 oop vrae.
Vul ook die **oop vrae** op die optiese kaart in, asook die ander gevraagde dele.

STAP 6
Jy behou jou vraestel. Vir jou eie gebruik, merk ook die antwoorde op jou vraestel sodat jy dit kan kontroleer as jy die memorandum later ontvang.

QUESTION PAPER ☻ VRAESTEL
SECTION 1 • AFDELING 1 (25 X 1)

1. Which insurance company's slogan is *Where you always get something out*?
Watter versekeringsmaatskappy se slagspreuk is *Waar jy altyd iets uitkry*?
A Outsurance **B** Mutual & Federal **C** Auto & General

2. Which fruit has the highest sugar percentage per 100g?
Watter vrug bevat die hoogste persentasie suiker per 100g?
A Bananas / Piesangs **B** Grapes / Druiwe **C** Apples / Appels

3. Which medal is awarded for a third place at the Olympic Games?
Watter medalje word aan 'n derde plek op die Olimpiese Spele toegeken?
A Green / Groen **B** Blue / Blou **C** Bronze / Brons

4. Which city is the capital of Angola?
Watter stad is die hoofstad van Angola?
A Luanda **B** Maseru **C** Gabarone

5. Which cellphone company uses the slogan: *The power is in your hands*?
Watter selfoonmaatskappy se slagspreuk is: *The power is in your hands*?
A MTN **B** Cell C **C** Vodacom

6. Which rugby team won the 2014 Currie Cup?
Watter rugbyspan het die 2014 Curriebeker gewen?
A Blue Bulls / Blou Bulle **B** Sharks / Haaie
C Western Province / Westelike Provinsie

7. In which city is the famous Colosseum?
In watter stad is die beroemde Colosseum?
A Paris / Parys **B** Rome **C** London / Londen

8. Which town is the hometown of Miss World, Rolene Strauss?
Van watter dorp kom Mej Wêreld, Rolene Strauss?
A Ventersburg **B** Volksrust **C** Ventersdorp

9. Which chain store group markets products under the *NO NAME* brands?
Watter kettingwinkelgroep het produkte met die naam *NO NAME*?
A Spar **B** Checkers **C** Pick 'n Pay

10. In which kind of sport does Maria Sharapova excel?
In watter sportsoort is Maria Sharapova 'n uitblinker?
A Tennis **B** Hockey / Hokkie **C** Athletics / Atletiek

11. From which country is the group *One Direction*?
Van watter land is die groep *One Direction*?
A USA / VSA **B** United Kingdom / Verenigde Koninkryk
C Australia / Australië

12. As at 28 February 2015, who was the Deputy President of South Africa?
Wie was, soos op 28 Februarie 2015, die Adjunkpresident van Suid-Afrika?
A Blade Nzimande **B** Jeff Radebe **C** Cyril Ramaphosa

13. On which date is Africa Day celebrated annually?
Op watter datum word Afrikadag elke jaar gevier?
A 25 March / Maart **B** 25 May / Mei **C** 25 August / Augustus

14. Which is the most popular spectator sport in South Africa?
Watter sport in Suid-Afrika lok die meeste toeskouers?
A Soccer / Sokker **B** Rugby **C** Boxing / Boks

15. Which freeway links Johannesburg with Cape Town?
Watter snelweg verbind Johannesburg met Kaapstad?
A N3 **B** N2 **C** N1

16. Who wrote the book *Good morning, Mr. Mandela*?
Wie het die boek *Goeiemôre, Mnr Mandela* geskryf?
A Dalene Matthee **B** Zelda la Grange **C** Annelie Botes

17. Which country's team won the 2014 Soccer World Cup?
Watter land het die 2014 Sokker-wêreldbeker-toernooi gewen?
A Spain / Spanje **B** Italy / Italië **C** Germany / Duitsland

18. In which country is the Etosha Pan?
In watter land is die Etoshapan?
A Namibia / Namibië **B** Zimbabwe **C** Botswana

19. Who wrote the *Liewe Heksie* series?
Wie was die skrywer van *Liewe Heksie*?
A Verna Vels **B** Annelie Botes **C** Madeleine van Biljon

20. In which kind of sport does Chad le Clos excel?
In watter sportsoort is Chad le Clos 'n uitblinker?
A Rugby **B** Soccer / Sokker **C** Swimming / Swem

21. Who had a hit with the song *Wrecking Ball*?
Wie het 'n treffer gehad met die liedjie *Wrecking Ball*?
A Miley Cyrus **B** Rihanna **C** Britney Spears

22. As at 28 February 2015, who was the Minister of Basic Education in South Africa?
Wie was, soos op 28 Februarie 2015, die Minister van Basiese Onderwys in Suid-Afrika?
A Angie Motshekga **B** Naledi Pandor **C** Lynne Brown

23. In which African country is the largest part of the Kalahari desert?
In watter Afrikaland lê die grootste deel van die Kalahari-woestyn?
A Namibia / Namibië **B** South Africa / Suid-Afrika
C Botswana

24. What is the name of the official residence of the British monarch?
Wat is die naam van die ampswoning van die Britse vors?
A Windsor Castle / Kasteel
B Buckingham Palace / Paleis
C Balmoral Castle / Kasteel

25. When did the first regular television service start in South Africa?
Wanneer het die eerste gereelde televisiediens in Suid-Afrika begin?
A 1976 **B** 1980 **C** 1984

SECTION 2 • AFDELING 2 (20 x 1,5)

1. Who manufactures Country Fresh ice cream?
Wie maak Country Fresh-roomys?
A Cadbury **B** Ola **C** Nestlé

2. What is the Christian name of the youngest British prince?
Wat is die jongste Britse prins se noemnaam?
A George **B** Harry **C** Edward

3. Traditionally, what is the colour of Ferrari racing cars?
Wat is tradisioneel die kleur van Ferrari se renmotors?
A Red/ Rooi **B** Green / Groen **C** Blue / Blou

4. In which country is the Katse Dam?
In watter land is die Katse-dam?
A Swaziland **B** Malawi **C** Lesotho

5. As at 8 July 2014, which country was the world's largest oil producer?
Watter land was, soos op 8 Julie 2014, die wêreld se grootste olieprodusent?
A Russia / Rusland **B** Saudi-Arabia / Saoedi-Arabië
C USA / VSA

6. Who succeeded Gordon Igesund as South Africa's national soccer coach?
Wie het Gordon Igesund as Suid-Afrika se nuwe nasionale sokkerafrigter opgevolg?
A Ephraim "Shakes" Mashaba **B** Stephen Keshi
C Carlos Quiroz

7. Which automobile manufacturer produces Africa's most popular vehicles?
Watter voertuigmaatskappy is Suid-Afrika se gunsteling-motorvervaardiger?
A Ford **B** Volkswagen **C** Toyota

8. Which provincial capital in South Africa is named after a buffalo?
Watter provinsiale hoofstad in Suid-Afrika is genoem na 'n buffel?
A Bhisho **B** Polokwane **C** Mbombela

9. Which chemical element is mainly present in your teeth and bones?
Watter chemiese element is hoofsaaklik teenwoordig in 'n mens se tande en bene?
A Iron / Yster **B** Calcium / Kalsium **C** Magnesium

10. Which is the home country of the model Naomi Campbell?
Van watter land kom die model Naomi Campbell?
A England / Engeland **B** USA / VSA **C** Canada / Kanada

11. Which South African province borders on the fewest other provinces?
Watter Suid-Afrikaanse provinsie grens aan die minste ander provinsies?
A Eastern Cape / Oos-Kaap **B** Western Cape / Wes-Kaap
C Gauteng

12. What is the home country of the tennis player Jo-Wilfred Tsonga?
Van watter land kom die tennisspeler Jo-Wilfred Tsonga?
A Germany / Duitsland
B England / Engeland
C France / Frankryk

13. Who won the 2015 Oscar as the best actress for her role in the film *Still Alice*?
Watter aktrise het die 2015- Oscar vir haar rol as die beste aktrise in *Still Alice* ontvang?
A Patricia Arquette **B** Julianne Moore **C** Jacqueline Bisset

14. According to Euromonitor, which is the world's most popular coffee brand name?
Wat is volgens Euromonitor, die wêreld se gewildste koffie-handelsnaam?
A Nespresso **B** Nescafé **C** Starbucks

15. In which sport does Marsha Cox excel?
Vir watter sportsoort is Marsha Cox bekend?
A Hockey / Hokkie **B** Netball / Netbal **C** Athletics / Atletiek

16. Which superhero is also known as Peter Parker?
Watter superheld is ook as Peter Parker bekend?
A Batman **B** Superman **C** Spiderman

17. As at 28 February 2015, which country had the most billionaires?
Watter land het, soos op 28 Februarie 2015, die meeste miljardêrs gehad?
A USA / VSA **B** China **C** Japan

18. Which is the capital city of Argentina?
Wat is die hoofstad van Argentinië?
A Montevideo **B** Buenos Aires **C** Santiago

19. In which city is the tomb of Napoleon Bonaparte situated?
In watter stad is Napoleon Bonaparte se graftombe?
A Bordeaux **B** Paris / Parys **C** Marseilles

20. How many centimetres are there in an inch?
Hoeveel sentimeter is daar in een duim?
A 2,34 cm **B** 2,44 cm **C** 2,54 cm

SECTION 3 • AFDELING 3 (15 x 2)

1. In which city in the USA would you find Times Square?
In watter stad in die VSA sal jy Times Square aantref?
A Las Vegas **B** Los Angeles **C** New York

2. Which country hosted the 2014 Soccer World Cup Tournament?
Watter land het die 2014 Sokker-wêreldbeker-toernooi aangebied?
A Argentina / Argentinië **B** Brazil / Brasilië
C Colombia / Colombië

3. To which political party does the new president of Namibia, Hage Geingob, belong?
Aan watter politieke party behoort die nuwe president van Namibië, Hage Geingob?
A Democratic Turnhalle Alliance / Demokratiese Turnhalle-Alliansie
B Campaign for Democracy Alliance / Veldtog vir Demokrasie
C Swapo

4. In which country is the river Thames?
In watter land is die Teems-rivier?
A England / Engeland **B** Scotland / Skotland
C Wales / Wallis

5. Which planet is named after the goddess of love?
Watter planeet is na die godin van liefde vernoem?
A Venus **B** Mars **C** Jupiter

6. Which ball has the highest value in a game of snooker?
Watter kleur bal tel die meeste in 'n snoekerspel?
A Blue / Blou **B** Green / Groen **C** Black / Swart

7. What was the home country of Phil Hughes, who died after being struck by a cricket ball on 27 November 2014?
Van watter land was Phil Hughes, wat op 27 November 2014 oorlede is nadat 'n krieketbal hom teen die kop getref het?
A New Zealand / Nieu-Seeland **B** Australia / Australië
C England / Engeland

8. What is the country of origin of peaches, apricots and kiwifruit?
Van watter land kom perskes, appelkose en kiwivrugte oorspronklik?
A China **B** Japan **C** USA / VSA

9. According to the Chinese calendar, which is the animal of the year 2015?
Volgens die Chinese kalender, wat is die dier van die jaar 2015?
A Goat / Bok **B** Cock / Hoenderhaan **C** Ape / Aap

10. Which singer had hit songs such as *Feel; Angels; Rock DJ* ?
Watter sanger het treffers soos *Feel; Angels; Rock DJ* gehad?
A Michael Jackson **B** Robbie Williams **C** Bob Marley

11. Which insect transmits the infectious tropical disease called *Sleeping Sickness*?
Deur watter insek word die aansteeklike tropiese siekte *Slaapsiekte* oorgedra?
A Tick / Bosluis **B** Mosquito / Muskiet
C Tsetse fly / Tsetsevlieg

12. What is the largest joint in the human body called?
Wat is die naam van die grootste gewrig in die menslike liggaam?
A Hand **B** Knee / Knie **C** Elbow / Elmboog

13. In which province is the Addo Elephant Park situated?
In watter provinsie is die Addo-Olifantpark?
A Limpopo **B** Mpumalanga **C** Eastern Cape / Oos-Kaap

14. Of which country is Valentino Rossi, a veteran of motorcycle racing, a citizen?
Van watter land is Valentino Rossi, die veteraan van motorfietswedrenne, 'n burger?
A Spain / Spanje **B** Italy / Italië **C** Portugal

15. From which language is the word "school" originally *skhole* derived?
Van watter taal kom die woord "skool" oorspronklik , wat voorheen *skhole* was?
A Greek / Grieks **B** Latin / Latyn **C** Spanish / Spaans

SECTION 4 • AFDELING 4
OPEN QUESTIONS • OOP VRAE

1. Which animal is the fastest runner on two legs?
   Watter dier is die vinnigste op twee bene?

2. Which number between 11 and 101 always remains the same, whether you write it normally, back-to-front, upside down, or read it in a mirror?
   Watter getal is die enigste tussen 11 en 101 wat dieselfde bly, of jy dit nou vorentoe, agtertoe, onderstebo of in 'n spieël lees?

3. Which river forms the southern boundary of Namibia with South Africa?
   Watter rivier vorm die suidelike grens van Namibië met Suid-Afrika?

4. To which number does the word *trivia* refer?
   Na watter getal verwys die word *trivia*?

5. Where in South Africa is the biggest open-water swimming event held annually?
   Waar in Suid-Afrika word die grootste oopwater-swembyeenkoms jaarliks gehou?

6. Who was the first president of the USA?
   Wie was die eerste president van die VSA?

7. Which weekday is often refered to as little Saturday?
   Watter dag van die week word ook na verwys as klein Saterdag?

8. How many players make up a hockey team?
   Uit hoeveel spelers bestaan 'n hokkiespan?

9. Which is the largest city in The Netherlands?
   Wat is die grootste stad in Nederland?

10. Who composed the opera *Nabucco*?
    Wie het die opera *Nabucco* gekomponeer?

IMPORTANT

- ☻ **Make absolutely sure that you have completed your optical chart correctly.**
- ☻ **If necessary, ask the invigilator for assistance.**
- ☻ **Hand in only the optical chart.**

This paper was compiled and administered by Prof. Nico du Plessis of Bloemfontein.

PRIZES

Prizes are allocated as follows:

Gr. 6 : first prize R100 second prize R75 third prize R50
Gr. 7 : first prize R200 second prize R175 third prize R150

Certificates (gold, silver and bronze) will be awarded to learners obtaining first, second and third places in each province from gr. 6 to 7.

Each learner who participates in the **World Knowledge Olympiad** will receive a certificate.

Please support the sponsors:

Main sponsor: SA Print Group
Co-sponsor: Media 24

Paper supplied by Antalis

BELANGRIK

- ☻ **Maak doodseker dat jy die optiese kaart korrek ingevul het.**
- ☻ **Indien nodig, vra die opsiener om hulp.**
- ☻ **Lewer slegs die optiese kaart in.**

Hierdie vraestel is deur prof. Nico du Plessis van Bloemfontein opgestel en geadministreer.

PRYSE

Die verdeling is soos volg:

Gr.6 : eerste prys R100 tweede prys R75 derde prys R50
Gr.7 : eerste prys R200 tweede prys R175 derde prys R150

Sertifikate (goud, silwer en brons) word toegeken aan die eerste , tweede en derde geplaasde leerders in elke provinsie vanaf gr. 6 tot 7.

Elke leerder wat aan die **Wêreldkennis-Olimpiade** deelneem, ontvang 'n sertifikaat.

Ondersteun asseblief die borge:

Hoofborg: SA Print Group
Medeborg: Media 24

Papier verskaf deur Antalis

.